

Preektema: Die deur is oop. Glo dit en gebruik dit!

Skrifvoorlesing: Openbaring 3:7-13

In hierdie brief “aan die leraar van die gemeente in Filadelfia” vind ons:

1. Wonderlike beskrywing van Christus en sy werk

Hy stel Homself bekend as “*die Heilige, die Ware God*”. Hy weet alles wat die gemeente doen en prys hulle daarvoor dat hulle aan Hom getrou bly, al is hulle swak en min. In wêreld vol afgode en aanbidding van die keiser van Rome en boonop nog met “*die sinagoge van die Satan*” by hulle voordeur beleef hulle groot aanslae op hulle geloof.

Hulle word dadelik bemoedig deur die beskrywing van Christus se werk: “*Hy wat die sleutel van Dawid het, wat die deur oopsluit en niemand sal dit weer toesluit nie, en dit toesluit en niemand sluit dit weer oop nie.*” Wat Hy doen is finaal en kan nie herroep word nie. Hy het die Ou Verbond (die wet wat God deur Moses gegee het – vgl. Joh. 1:17) toegemaak en die Nuwe Verbond (dié van genade en waarheid – vgl. Joh. 1:17) oopgemaak. Hulle (en ons) moet die evangelie glo en gebruik.

2. Wonderlike beskrywing van sy visie vir die gemeente

“*Kyk, Ek het die deur voor julle oopgesluit en niemand kan dit weer toesluit nie.*”

As Hy vandag ook met ons hierdie visie deel, moet ons nie anderpad kyk nie. Ons moet die “oop deur” oop deur hou en reg gebruik, want dit is presies wat die evangelie is:

Dis oop deur na God en sy hemelse heiligdom. Dit staan daagliks oop om met vrymoedigheid te gebruik – Heb. 10:19:25).

Dis oop deur na mekaar. “*Filadelfia*” beteken “broederliefde”. Elke plaaslike gemeente van Christus is in wese “filadelfia”-gemeente. Die liefde wat ons van Hom ontvang stel ons in staat om deur die oop deur van liefde by mekaar in en uit te gaan.

Dis oop deur na die onbekeerde mensdom. As ons die boodskap van die evangelie reg bring kan niemand aanstoot neem nie, want dit getuig van God se genade vir en ontferming oor sondaarmense. Dit maak elke dag nuwe horisonne vir ons oop!

3. Wonderlike versekering vir elke gemeente wat volhard

In Filadelfia moes hulle veg teen vals broeders (die wat lieg as hulle sê dat hulle “Jode” is). Dit is vandag nog die grootste gevaar vir die kerk. As ons egter aan die waarheid van Christus se lyding en oorwinning oor sonde en dood vashou, sal Hy toesien dat hulle uiteindelik erken dat dit vir ons is wat Hy liefhet.

Die tweede versekering wat ons ontvang is dat elkeen wat die oorwinning oor Satan behaal deur in Christus te bly glo ereplek in God se nuwe skepping sal hê.

Toerusting

Leer die sleutels ken deur hulle te gebruik

In my bossie sleutels is daar sleutels wat ek dadelik weet by watter deur of slot hulle pas. Maar daar lê ook slotte en sleutels in die stoorkamer wat glad nie gebruik word nie, omdat hulle nie bymekaar pas nie. Die een of die ander het verlê geraak.

So gaan dit ook met ons getuienis oor die evangelie. As ons dit nie daaglik uitleef nie word dit gou soos sleutel wat nie meer slot kry wat daarby pas nie. Die waarheid is dat ons elke dag geleentheid kry om oor Christus te getuig, want Hy het gekom om sondes te vergewe.

Hoe dikwels kry ons die geleentheid om sondes te vergewe? Daaglik.
Doen dit met woord en daad en word so getuie van God se liefde vir jou.

Lees: Lukas 24:45-49 en Johannes 20:22,23.